

Hartlike goeie more Geliefde!

Die Kerkraad het in sy vergadering van 18 Maart 2020 besin oor die pad vorentoe vir ons gemeente itv die Covid-19 virus.


Graag wil ons 2 Timoteus 1:7 op elkeen se hart druk: “*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*” Die Ou Vertaling gebruik die woord *vreesagtigheid*. Lees gerus meegaande stuk hieroor.

Die wysheid in hierdie tye lê dus daarin om nie vreesagtig te wees nie, maar tog verantwoordelik, en gehoorsaam aan die staat (Romeine 13). Die kerkraad neem hierdie saak nie ligtelik op nie, want gemeenskap van gelowiges is nie net belangrik nie, dit is ook ’n opdrag van ons Here. Daarom moet al hierdie dinge gebalanseer word.

Met dit alles in gedagte, het die kerkraad die volgende besluit geneem:

1. Eredienste gaan voort...
 - a. maar ons wil graag ons lidmate aanraai en versoek om sover moontlik van die internetfasiliteit (www.gkstrand.co.za – lewendige uitstendings / kerkdienst gemist se toepassing [app]) gebruik te maak. Hieronder sal instuksies gegee word hoe om die toepassing [app] op jou foon te installeer en te gebruik.
 - b. Indien jy geen simptome het, en ook nie in aanraking met enige iemand was wat simptome het, en ook nie onlangs in ’n hoë risiko land was nie, is jy steeds welkom om die eredienste by te woon.
2. Bostaande geld ook vir Paasvrydag, alhoewel daar nie op Paasvrydag (10 April 2020) nagmaal bedien sal word nie.
3. Die Jeugkongres van 19 April 2020 word uitgestel na ’n latere datum wat gekommunikeer sal word.
4. Die Gemeentekamp van 3-5 April 2020 word uitgestel na ’n nuwe datum, wat gekommunikeer sal word.
5. Indien daar Kleingroepe is wat steeds bymekaar wil kom, staan dit hulle vry, maar ons wil graag hulle oproep om te hou by die higiëne maatreëls (nie persoonlike kontak, skoon hande, en dies meer).
6. ’n Monitoringskomitee (Ds Dinant Zwemstra, Ouderlinge JP van der Walt, Thys Ebersohn, Koos Stokes en Este Bam) is aangestel om die huidige situasie dop te hou, en aanpassings te maak aan bogenoemde maatreëls, soos nodig, en soos omstandighede dit vereis.
7. Ons roep die gemeente op om ook voorbidding te doen vir mediese personeel, ons regering, land en die wêreld in geheel. Mag die Here ook hierdie tyd gebruik om mense nader aan Hom te roep!
8. Indien daar enige vrae of onduidelikheid is, kontak gerus enige ouderlinge, diaken of die kerkkantoor.

Hoe installeer ek die *Kerkdienst Gemist Toepassing*?

- Op jou foon/tablet – gaan na Google Play of App Store
- Soek vir die *app* KERKDIENT GEMIST. Let op die spelling. Die prentjie van die app lyk so: 
- Nadat dit geïnstalleer is, maak die *app* oop.
- Druk op: *Kerken zoeken*
- ’n Lys van Nederlandse plekke sal verskyn – rol af tot onder, en druk op *Buiten Nederland*.
- Dan Suid-Afrika; Weskaap; Kaapse Metropool; Gereformeerde Kerk Strand.
- ’n Prentjie van ’n oop Bybel en ’n kompas sal op die skerm verskyn.
- Bo aan die skerm, in die middel is ’n sterretjie, druk op die sterretjie, en dan sal hy groen word. Dit sal maak dat jy nie elke keer Gereformeerde Kerk Strand hoef te soek nie, maar dat hy direk na ons kerk sal gaan indien jy uitgaan en weer ingaan.

- Daar is twee prentjies van kalenders, dit sal *play* knoppies word sodra daar 'n lewendige uitstending is. Bietjie ondertoe is opnames van vorige eredienste waarna jy kan luister.
- Indien die klank van jou selfoon / tablet te sag is, en die klank is maksimaal gestel, raai ons jou aan om oorfone te gebruik.